DIE OMGEEGEMEENTE

NGK SOMERSET-WES
Sedert 1819

30 Januarie 2022

2022 Kerkkalenders

Omgeewerkers het begin om die kalenders gedurende Desember te versprei en sal daarmee voortgaan gedurende Januarie.
Met groot dank en waardering aan ons omgeewerkers

BORG van die aand

HJ Projekte
Vir alles in yster
Henkie Cooke
082 553 2003

Gebedsonderwerpe

- Vir Johan en Christine en hulle gesin. Bid vir inspirasie vir elke dag, vir goeie verhoudings en werksomstandighede en goeie gesondheid.
- Bid vir fluitjieblasers wat onder moeilike omstandighede probeer om die regte ding te doen. Bid vir hulle beskerming en ondersteuning. Bid ook vir die mense wat fluitjieblasers intimideer en boelie.
- Vir die Wes-Kaapse regering – bid vir wysheid en toewyding om die beste diens moontlik aan al die inwoners te lewer.
- Vir alle brandbestryders gedurende die brandseisoen. Bid vir hulle veiligheid. Bid ook dat mense verantwoordelik met vuur sal omgaan en dat brandstigters se pogings in die kiem gesmoor sal word.

Hannetjie Gericke: hannetjiegericke@gmail.com

JANUARIE se Deurkollektes

02 Jan: Gemeentebediening
09 Jan: Projek 2022/23
16 Jan: Dienende Hande
23 Jan: Sinode: Zimbabwe, Malawi, Mosambiek
30 Jan: Sinode: Instituut vir die Blindes

DANKOFFER BETALINGS:

1. Elektronies/internet bankdienste:

Rek naam: NGK Somerset-Wes
Bank: ABSA
Tipe rek: Tjekrekening
Rek nr.: 2900 590 132
Takkode: 632 005
Verwysing: Dankoffer/Kollekte

2. Snapscan:

SnapScan
Snap here to pay
Works with

3. Kontantinbetalings & koeverte:

Kontantinbetalings by kerkkantoor.
Dank- en geloofoffer koeverte kan ook in die kerkkantoor se posbus geplaas word.
Dié posbus word 1x per week leeg gemaak.

4. Debietordervorms: Op die webblad beskikbaar, of kontak die skriba om 'n debietorder te reël by 021 - 852 1787.

Oggenddiens 09:00

Almal word hartlik uitgenooi om, in liggaam, die erediens Sondagoggend, 30 Januarie, by te woon. Die leesroosterteks uit Jeremia 1:4-10 wil ons herinner en aanspoor tot diens volgens die roeping wat ons as individue sowel as gemeente van die Here ontvang. Hiermee word ons dan opnuut opgeroep om met ons gawes in diens van die Here te kom staan. As teken daarvan bevestig ons ook vir Ds Gawie van Broekhuizen as blokleier. Ons verwelkom hom hartlik as deel van die kerkraad. Mag die Here van ons gemeente, deur sy Gees in 2022 'n lewende, dienende organisme maak.
Om by die gestroomde eredienste uit te kom, kan jy ons gemeente se webwerf by https://ngkerksomersetwes.co.za/ besoek vir die skakel **ÓF** direk na Youtube gaan en dan in die soekbalkie "Omgeegemeente" of "NGK Somerset-Wes" intik. Die jongste erediens behoort bo-aan die blad beskikbaar te wees.

Meditatiewe diens 07:30

Sondag, 30 Januarie 2022

Bevestiging op die kerkraad

Baie geluk aan Ds Gawie van Broekhuizen wat vanoggend op die kerkraad as ouderling/blokleier vir Blok 10 bevestig word.

Voorbidding

- **Yvonne Meyer,** terminaal.
- **Andries Cronjé,** baie siek.
- **Lientjie Smit**, rugoperasie.
- **Proppie Oosthuizen,** knievervanging.
- **Hannes vd Poel**, sterk tuis aan na tweede hospitalisasie.
- **Buks van Zyl,** ongesteld na rugoperasie.
- **Hazel Meyer**, met die afsterwe van haar seun Nico aan COVID.
- **Annelie Oosthuizen,** gesondheidsprobleme.
- **Anna Goss,** gesondheidsprobleme.
- **Chemie Prinsloo**, behandeling na hospitalisasie.
- **Elize Basson**, sterk tuis aan.
- **Pieter Lerm,** gesondheidsprobleme.
- **Phillip & Renate Retief**, gesondheidsprobleme.
- **Johanna Grobbelaar,** gesondheidsprobleme.

Bybelstudie

Woensdae

Oggende (2-weekliks):
02 Feb 10:00 - kerksaal
Aande (weekliks):
02 Feb 18:30 - kerksaal

Gebedsgroep

Woensdae
Weekliks:
02 Feb om 09:00 - kerk

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!

Geroepenes wat met deernis omgee, insluit, lééf!